ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 72 Nr. 3

3de Kwartaal, 2024

70
2019



Ouerbetrokkenheid op die spits gedryf vanweë die aanslag van diskriminerende onderwys-wetgewing

IN DIE SKRIFLIG

DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

1 Kor. 1:1-9

Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook regverdig verklaar. Dié wat Hy regverdig verklaar het, het Hy ook verheerlik. – Romeine 8:30

Ons word deur die ervaring genoegsaam onderrig dat die roeping en die geloof van weinige waarde is, tensy die volharding daarby kom – en dit is iets wat nie almal te beurt val nie.

Maar van hierdie onsekerheid het Christus ons bevry, want ongetwyfeld wys die volgende beloftes op die toekoms: “Elkeen wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie” (Joh. 6:37) ... Net so: “My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie ...” (Joh. 10:27).

Paulus roem triomfantlik teen die lewe na die dood, teen teenswoordige en toekomstige diens (Rom. 8:38). Hierdie roemtaal moet gegrond wees op die gawe van die volharding. En dit ly geen twyfel nie dat Hy hierdie uitspraak op al die uitverkorenes van toepassing maak. Elders sê dieselfde Paulus “Hy wat die goeie werk in julle begin het, sal dit end-uit voer en sal dit voleindig op die dag wanneer Jesus Christus kom ... (Fil. 1:6). Verder ly dit ook geen twyfel dat wanneer Christus vir alle uitverkorenes bid, Hy dieselfde vir hulle as vir Petrus bid (Lik. 22:23), naamlik dat hul geloof hulle nooit mag begewe nie.

Daaruit lei ons af dat die gevaar van afvalligheid hulle nie bedreig nie: wanneer die Seun van God bid dat hulle standvastig sal bly, word Hy nie afgewys nie. Wat anders wou Christus hê moet ons hieruit leer as om te vertrou dat ons ewig salig sal wees, omdat ons eenmaal Syne geword het.

Inst. III, 24, 6

Gebed: Here Jesus, ons dank U vir u voorbidding: dat ons Vader ons van die Bose sal bewaar

IN HIERDIE UITGAWE

In die Skriflig	bl 2
Redaksioneel	bl 3
Christelike onderwys en ouers se mandaat	bl 4
Vryheid van godsdiens: Artikel 15 van die *Grondwet*	bl 6
Onderwys en die taal van onderrig: Artikel 29 van die *Grondwet*	bl 8
Taal en kultuur: Artikel 30 van die *Grondwet*	bl 10
TLU-handves en eiendomsreg	bl 11
Toelatings- en Taalbeleid: Artikel 5 & 6 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996: die sg. BELA-wet	bl 12
Bartolomeusnag: 24 Augustus 1572	bl. 16

Redaksioneel

Hugo Hayes

Suid-Afrikaanse onderwyswetgewing van die afgelope 30 jaar word deur die ANC as nie-diskriminerend van aard voorgehou. Voorts, soos uit sommige klousules blyk, is die wetgewing aangeneem, ten einde sogenaamde onregte van die verlede reg te stel. Talle stukke wetgewing oor die onderwys is in hierdie tydperk uitgevaardig, wat dus 'n ondersoek na voormelde aansprake deur die ANC moontlik maak. Op grond waarvan daar vasgestel sou kon word of die aansprake (nie-diskriminasie en regstelling) enige gewig dra. In die finale instansie wil vasgestel word hoedat die onderwys van veral leerlinge aan openbare skole deur hierdie wetgewing geraak word.

Belangrike kwessies wat in 'n ondersoek na sodanige wetgewing en die gevolge daarvan uitgesonder moet word, hou veral met die posisie van die Christelike godsdiens verband, die kultuur en taal van belangegroepe, meer bepaald dié van die Afrikaner, asook die beleide oor die taal van onderrig (met moedertaalonderrig onder skoot) en oor toelating. Die gemelde elemente is deurslaggewend t.o.v. die kritiese bydrae wat die skool maak in die vestiging van identiteite, nl. dié van Christen en Afrikaner in die oordrag van die geloofswaarhede, asook die kweking van eiesoortige kultuurwaardes. In die beoordeling van die gemelde faktore, is dit veral die posisie van die ouers en die skool van bywoning wat in aanmerking geneem moet word. Kwessies wat in hierdie opsig uitgesonder sal word is of die ouers die seggenskap in die onderwys van hulle kinders behou en of die selfstandigheid van die skool gehandhaaf word. Die plek van die beheerliggaam aan 'n openbare skool en die magte en bevoegdhede soos aan e.g. en aan die skool as eiesoortige instelling toegedeel, is in hierdie verband kardinaal belangrik.

Die voormelde word opgehaal, aangesien ouers die eerste verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders neem, gevolg deur die skool t.o.v. die formele onderwys. Die doelstelling kan uiteraard nie daarop gerig wees dat hulle kinders in die eerste plek ter wille van die staat grootgemaak word nie. In ons Christelike beskouing op die doel van opvoeding en onderwys kan dit alleen maar wees dat hulle ter wille van God-Drieënig grootgemaak sal word, waartoe kinders immers aan ouers geskenk word. Hulle primêre burgerskap is in die Koninkryk van God opgesluit, terwyl hulle burgerskap van die staat sekondêr is. Die staat het in hierdie opsig eintlik geen seggenskap nie, aangesien opvoeding en onderwys nie die verantwoordelikheid van die staat is nie. Die staat het wel 'n belang daarby dat hulle as wetsgehoorsame burgers opgevoed word, in soverre as dat dit wat van hulle verwag word (kragtens hulle burgerskap van die staat), as billik en redelik geag sou kon word. Hulle eerste gehoorsaamheid is egter teenoor God, in terme van die verbondseise soos in sy Woord.

Indien dit daarom sou blyk dat die staat sy eie grense van bevoegdheid oorskry deur op onbehoorlike wyse fasette van die onderwys te wil inpalm/oorneem,

Vervolg op bl. 7

Doel van die VCHO

Die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap.

Missie van die VCHO

Om, deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk.

Grondslag van die VCHO

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

Christelike onderwys en ouers se mandaat

Hierdie bydrae van dr Bennie Aucamp ontvang

As ouers en as deel van die doopbelofte is dit ouers se plig, nee, opdrag/mandaat, om ons kinders soos hulle grootword na die erediens te bring om God te ontmoet. Ons mag hulle nie verhinder nie. ’n Ontmoeting met God is sekerlik die diepste vorm van Christelike onderwys. Dit is tog waar ons instruksie kry en toegerus word. Met verwysing na Romeine 12:1-2, stel dr RC Sproul dit duidelik in sy grootse werk “The holiness of God” en ten opsigte van die vernuwing van ons denke, dat dit niks minder en meer is as onderwys nie. Hy vervolg dan met die kort en kragtige opmerking: “*Serious education. In depth education. Disciplined education in the things of God. It calls for the mastery of the Word of God. We need to be people whose lives have changed because our minds have changed.*” Daar is geen twyfel by my dat hierdie ernstige gedissiplineerde onderwys waarna Sproul verwys, primêr die ouers se opdrag en verantwoordelikheid is. Die woorde uit Deuteronomium 6:7 wat lui “Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daaroor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan”, asook die woorde by die doopformulier waar die verbondouers hardop moet antwoord op die vraag: “Belowe u en neem u u voor om hierdie kind, van wie u die vader en moeder is, wanneer hy/sy dit kan verstaan, in die genoemde leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?”, is die ouers se opdrag en belofte.

Hierdie opdrag en belofte sluit na my mening in dat ouers onder leiding van die Heilige Gees en deur Christelike onderrig en onderwys ons kinders voorberei en lei om hulle as lewende heilige gawes uit God se hand aan Hom terug te gee, te “offer”, uit dankbaarheid vir dit wat Hy uit genade voorsien en voorsien het – sy geregtigheid. En om ons kinders sodanig te begelei, beteken ook dat ons as ouers self allereers en voortdurend ons self aan God se Woord moet onderwerp en Hom moet dien. Dit is ons sinvolle godsdiens (Rom 12:1). Hierdie “godsdiens” kan ook soos in die Engelse teks met “aanbidding” (*worship*) vervang word. Dit wys op ouers se verantwoordelikheid om in gehoorsaamheid te dien en God se lig op alle fasette van die lewe te laat skyn – die lig wat vanuit die erediens en aanbidding moet skyn, ook oor ons gesinne en ons kinders se opvoeding en onderwys. As ons na ons kinders se onderwys kyk, verg dit van ouers toewyding en opoffering. Dit vra na wat God se wil is met betrekking tot ons kinders se onderwys. Dit vra dat ons aan Christus se beeld gelykvormig word, om meer en meer (deur heiligmaking) soos Hy te dink. Minder van onsself en meer van Jesus Christus! Minder en minder van hierdie wêreld en meer en meer ’n soeke na God se koninkryk.

Terug na die woorde van die doopformulier en spesifiek die woorde “... te laat onderrig”. Dit wys tog duidelik op die ouers se verantwoordelikheid om toe te sien/te sorg dat hierdie onderrig deur ander tot opbou van ons kinders se geloof moet wees en tot geestelike groei moet lei. Dit gaan hier oor geestelike volwassenheid wat insluit dat ons en ons kinders nie tevrede kan wees met net geestelike melk nie, maar moet honger en dors na geestelike vleis/vaste kos. Hoe kan dit gebeur as ons

as ouers ons kinders net by die kerk af- en oplaai vir katkisasie sonder om self die erediens met ons kinders by te woon om God te ontmoet, sy Woord te hoor, Hom te prys met sang en lied, en van Hom die seën te ontvang en as sy kinders, gepantser met die Waarheid, in hierdie wêreld uit te gaan en beeld- en ligdraers te wees? ’n Op- en aflaai kultuur wys voorwaar op die afwesigheid of gebrek aan die uitleef van die beginsel om jou liggaam as heilige lewende offer wat vir God aanneemlik is, in diens te stel. Ons as ouers kan nie ons kinders hierdie Christelik opvoedende en onderwysende beginsel ontsê of weerhou nie. Sonder dit beleef ons kinders nie ware aanbidding nie en kan daar ook nie nie van ware Christelike onderwys sprake wees nie. Dit begin in die huis. Verseker sterk woorde, maar ontleed en beoordeel (aan die hand van Rom 12:1-2) gerus die volgende aanhaling uit “Got Questions Ministries” se artikel “What is true worship?”: “*This passage contains all the elements of true worship. First, there is the motivation to worship: “the mercies of God”. God’s mercies are everything He has given us that we don’t deserve: eternal love, eternal*

grace, the Holy Spirit, everlasting peace, eternal joy, saving faith, comfort, strength, wisdom, hope, patience, kindness, honor, glory, righteousness, security, eternal life, forgiveness, reconciliation, justification, sanctification, freedom, intercession and much more. The knowledge and understanding of these incredible gifts motivate us to pour forth praise and thanksgiving—in other words, worship!" Hoe kan ons nie in verwondering en in dankbaarheid hierteenoor staan nie? Hoe kan ons dit waag om ons kinders nie in hierdie rykdom van gawes te laat deel nie?

Moenie my verkeerd verstaan nie. Ek sê nie dat ons kinders in afsondering moet leef en as't ware uit die wêreld moet onttrek nie. Nee, wat ek sê, is doodgewoon dat ons kinders aan die voete van Jesus Christus die waarheid van kleins af moet leer en hoe om volgens Christus se beginsels te leef – met onderskeidingsvermoë wat op die pad van heiligmaking geoefen word om meer en meer aan Christus se beeld gelykvormig te word. Is dit te veel gevra om van ouers te verwag om hierdie 'Christelike onderwys' rondom die Woord in aanbidding binne die erediens te ontvang? Hoe anders gaan ons en ons kinders enige teenstand bied en staande bly in 'n wêreld (met inbegrip van die openbare skoolsisteem) gekenmerk deur 'n sinkretistiese omgewing? Wat word bedoel met sinkretisties? Ek glo dis vir vele 'n onbekende begrip. In kort beteken dit die samesmelting van botsende lewens- en wêreldbeskouings. 'n Persoon wat so 'n lewensfilosofie nastrewe en beoefen, kan as 'n sinkretis beskou word. Dit is iemand wat byvoorbeeld glo dat die Mohammedaan en die Christen beide by die hemel, maar net op verskillende paaie/maniere, sal uitkom. So 'n persoon wil hom-/haarself steeds 'n Christen noem, terwyl hy/sy die akkommoderende houding handhaaf. Die sinkretisme is 'n baie gevaarlike en verraderlike beskouing wat veral hedendaags baie sterker na vore getree het. Bekende begrippe/woorde vanuit die Christendom word steeds deur die sinkretis gebruik, maar vreemde idees en praktyke word bygevoeg of met nuwe inhoude gevul en/of met die Woord vermeng en op 'n (subtiele) wyse wat byna geen wenkbrou laat lig nie. So byvoorbeeld wil hedendaagsie sinkretiste alle godsdienste en geloofsoortuigings in 'n een-wêreld-godsdiens laat saamsmelt met 'n nuwe onderliggende moreel etiese raamwerk. Sien ons dit raak?

Dink verder aan hoe Kersfees en Paasfees met nuwe inhoud gevul en/of vermeng is, soveel so, dat byna almal dit vier sonder om noodwendig Christus te ken en te aanbid en te eer vir die ware boodskap vanuit God se Woord. Hoe voed ons as ouers ons kinders Christelik op om die ware betekenis van Kersfees en Paasfees te begryp? Om die skeefgetrekte en verwarrende boodskappe vanuit die wêreld te eien, moet ons kinders die waarheid ken, maar moet daar by hulle die vrymoedigheid wees om antwoorde oor kwellende vrae by hulle ouers te kry. Sonder Bybelse rigtingwysers en sonder die anker van God se Woord, is ons eintlik besig om ons kinders vir die wêreld te "offer".

Natuurlik sal ons kinders nie van meet af alles verstaan en die gevaarlike teorieë en ideologieë en valstrikke van die lewe eien nie. Maar dis juis hier waar ons opbouend met die nodige dissipline en met goeie effektiewe in gesprek/kommunikasie deurlopend met ons kinders moet tree en wees. Dit kan alleen gebeur indien ons besef dat aanbidding binne die erediens en die ontmoeting met God die geleentheid is waar ons versterkend na die wêreld kan gaan met vernuwende denke om ons roeping uit te leef en God te verheerlik. Daarom is dit belangrik dat ek net meld dat die aanbidding in die kerk ook ons eie aanbiddingspraktyke saam met ons gesin, asook ons eie persoonlike Bybelstudie- en gebedstyd in ons persoonlike verhouding met God kleur en bepaal. Ek wil dit waag om te sê dat sonder erediensbywoning, met inbegrip van ons kinders se katkisasieonderrig met sy onderskeie vertakkinge, kan daar nie werklik sprake wees van 'n opbouende persoonlike verhouding met God nie. Hoe kan ons werklik ons Christenskap en belydenis in ons skool, werk en gemeenskap laat geld indien ons die gemeenskap van gelowiges in die kerk geringskat of bloot ignoreer en afskeep? Dis juis in en tydens die erediens waar gelowiges gevoed word met die geestelike brood en dan uitgestuur word om God se Waarheid en daarmee saam, sy wysheid en insig te gaan uitleef sonder kompromie te midde van 'n wêreld waar die leuen en die viering van sonde hoogty vier. Wat is u as ouer se antwoord op sekere tendense, wanvoorstellings en versoekings uit die samelewing (ook in die klaskamer, op die speelgrond en deur die kurrikulum) en ander sosiale situasies waarmee ons gekonfronteer word? Gee ons vir ons kinders liefdevol perspektief vanuit God se Woord? As kerk van Christus is ons en ons kinders elkeen volgens sy/haar gawes tog instrumente in God se hand en moet ons gereed wees om 'n antwoord te gee oor ons hoop wat in ons lewe (1 Petrus 3:13-22). Hoe reageer ons teenoor die vermaak en programme en aanloklikhede en gedrag van ons tyd en vanuit die kultuur en hoe lei ons ons kinders?

Vervolg op bl. 9

Vryheid van godsdiens: Artikel 15 van die *Grondwet*

Hugo Hayes

Voorafopmerkings

Die *Grondwet* (Wet 108 van 1996) bevat die belangrikste bepalings i.v.m. godsdiens en godsdiensvryheid. Artikels 15(1) en (2) is veral van belang en bepaal soos volg:

Artikels 15(1) en (2) bepaal soos volg:

(1) Everyone has the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion.

(2) Religious observances may be conducted at state or state-aided institutions provided that –

  (a) those observations follow rules made by the appropriate public authorities;

  (b) they are conducted on an equitable basis; and

  (c) attendance at them is free and voluntary.

Die reg op godsdiens en godsdiensvryheid word beperk deur artikel 9 van die Handves van Fundamentele Regte, waarvan subartikels (3), (4) en (5) dié oor die verbod op diskriminasie bevat. Die gronde waarop daar nie gediskrimineer mag word nie, word in subartikel (3) uiteengesit. Subartikel (4) bepaal spesifiek dat geen persoon onbillik mag diskrimineer teen enigiemand anders nie op enige van die gronde soos in (3) gestipuleer nie. Artikel 9 moet gevolglik as beperkend t.o.v. die reg op godsdiens en godsdiensvryheid uitgelê word.

Verder bevat die Handves direk relevante bepalings betreffende die reg op vryheid van assosiasie, op vryheid van uitdrukking (spraakvryheid) en die reg op kultuur en taal. Die reg op vryheid van uitdrukking word deur artikel 16(2)(e) beperk deurdat die volgende nie daarby ingesluit word nie: “advocacy of hatred that is based on race, ethnicity, gender or religion, and that constitutes incitement to cause harm”.

Volgens ’n interpretasie deur prof. PJ Visser, ’n opvoedkundige van Pretoria, bestaan daar verskeie knelpunte in verband met die reg op godsdiens en godsdiensvryheid. Die begrip word nie in die Handves van Regte beskryf nie en is baie vaag. Gaan dit eerder oor uiterlike manifestasies?, is die eerste vraag.

Verder bestaan daar uiteenlopende interpretasies oor wat die uitdrukking ‘godsdiens’ in regsverband beteken. In die VSA word die definisie van godsdiens in breër terme beskryf as in Suid-Afrika, waar dit beskryf word as die verhouding wat daar tussen ’n mens en ’n goddelike wese bestaan en die aanbidding van so ’n wese wat op verskillende wyses tot uitdrukking kom. Grondwetlik gesproke, word die uitdrukking vryheid van godsdiens voorts in verband gebring met vryheid van oortuiging, denke en opinie.

Daar bestaan ’n wyere begrip oor die betekenis van godsdiens waarvan Christene kennis moet neem, aangesien dit die juridiese terrein aandui waarop daar mededinging vir die Christelike geloof aangetref word. Die gees en toon van artikel 15 van die Grondwet word sodanig geinterpreteer as dat die vryheid om te glo, ook die vryheid om nie te glo nie, insluit, en waarskynlik ook die reg om geloof openlik te kan verklaar, met ’n verdere toeleg dat selfs agnostisisme, ateïsme en selfs satanisme daarby ingesluit sou wees.

Die afleiding is gevolglik dat godsdiens en ander vryhede in artikel 15 volgens die algemene gees en bedoeling uitgelê behoort te word. Godsdiensvryheid soos deur Christene verstaan, is egter iets heeltemal anders as wat onder menseregte verstaan word. In laasgenoemde sin word in beginsel die vryheid vir alle oortuigings ook in ’n nie-christelike en anti-christelike sin onderskryf.

Kommentaar

Kwessies waarteen dus gestuit word wanneer dit oor die betekenis van ‘Godsdiens’ en ‘Godsdiensvryheid’ in die onderwys handel, behels onder meer die volgende:

Die vaagheid van betekenis wat in die uitdrukkings daaroor gevind word, asook die uiteenlopende (regs-)interpretasies is komplise-rende faktore.

In die SA-reg word die definisie oor godsdiens in enger terme beskryf as in die VSA, nl. die verhouding wat daar tussen ’n mens en ’n goddelike wese bestaan.

Die wyere begrip oor wat godsdiens is, is egter in die SA-konteks van belang, aangesien dit die juridiese terrein bepaal vir beoordeling en toepassing.

Hiervolgens word dit ingevolge artikel 15 van die Grondwet geïnterpreteer as dat die vryheid om te glo ook die vryheid om nie te glo nie, insluit. Dit impliseer iets geheel anders as wat deur goedgelowige Christene daaronder verstaan word. Menseregtelik gesproke word in beginsel alle oortuigings, d.w.s. ook in 'n anti-christelike en nie-christelike sin, daarby ingesluit.

Volgens die strekking van die menseregte-leerstuk blyk dit so verstaan te word as dat alle godsdienste vry moet wees en vir hierdie doel moet hulle ook ewe gelyk wees. Dit is nie die taak van die menseregte-leerstuk om een spesifieke godsdiens te bevorder nie, wat beteken dat in beginsel ook anti-christelike en sataniese praktyke toelaatbaar sal wees.

Menseregtelike godsdiensbeskouinge is egter van hierdie wêreld, wat meebring dat die posisie (statuur) van die Christelike godsdiens geensins bevorder word nie; inteendeel dit word afgebreek.

Spanning bestaan gevolglik tussen die algemene reg op vryheid van godsdiens en die bepaling wat onbillike diskriminasie op grond van godsdiens verbied. Dit stel 'n grens vir godsdiensvryheid daar. Daar mag nie onbillik teen andere vanweë hulle godsdiens gediskrimineer word nie. Daar moet 'n sg. 'aanvaarbare' balans gevind word. Hoewel billike diskriminasie toelaatbaar is, is dit telkens moeilik te bepaal.

Die Handves is 'neutraal' wat godsdiens betref, maar dit beteken nie dat dit so uitgelê moet word as dat aan die Christelike godsdiens voorrang verleen sou kon word nie. Van die staat word nie vereis dat hy noodwendig godsdienstig neutraal moet wees nie, aangesien hy almal sover moontlik gelyk moet behandel.

Bevinding

Die werklike betekenis van menseregtelike godsdiensvryheid is problematies sover dit die Christelike godsdiens betref. Hoewel menseregte 'n tipe vryheid (in beperkte sin) vir die Christen skep, laat dit terselfdertyd dieselfde vryheid aan teenstanders van die Christelike geloof toe. In hierdie omstandighede word die klimaat vir wat as die intergeloofsbeweging bekend staan bevorder, met hulle leerstelling dat die ooreenkomste tussen godsdienste eerder beklemtoon behoort te word as die verskille. In hierdie omstandighede kan dit nie anders nie as dat teen die Christelike godsdiens gediskrimineer word, deurdat die unieke aard en ewige waarheid daarvan ondermyn word. Die Christelike godsdiens word op dieselfde vlak as anti- en nie-christelike godsdienste gestel en binne die onderwysopset gedegradeer en gerelativeer, deurdat dit deel van 'n multi-religieuse opset gemaak word (ter wille daarvan om onbillike diskriminasie te vermy) of dit word deel van die intergeloofsopset. Die Christelike godsdiens is tradisioneel die godsdiens van die Afrikaner, maar waarteen sonder twyfel gediskrimineer word. Dit kom dus neer op blatante aantasting (diskriminasie) van die Afrikaner se godsdiensregte en -vryhede in die onderwys.

Vervolg van bl. 3: Redaksioneel

deur die beheer daarvan/ beskikking daaroor uit die hande van die skool weg te neem, moet op die onregmatigheid daarvan gewys word. Indien die staat sy bevoegdhede verder op so 'n wyse uitoefen dat die bevoegdhede van die skool d.m.v. ongeoorloofde wetgewing van hulle weggeneem word, moet dit as onbehoorlike magsoorskryding uitgewys word. Indien die staat d.m.v. onregmatige wetgewing op die regte van die burgery inbreuk maak met die effek dat dit hulle godsdiens ondergrawe, die integriteit van hulle taal en kultuur in die gedrang kom en dit uiteindelik daartoe lei dat leerlinge in openbare onderwys van hulle identiteite beroof word, moet dit as blatante diskriminasie ontbloot word.

In hierdie uitgawe word ondersoek ingestel na ván die wetgewing die afgelope 30 jaar, waarvan tot die slotsom gekom word dat dit sonder twyfel diskriminerend van aard is. Daar word ingegaan op die aard van die diskriminerende bepalings en wat die gevolge daarvan vir die onderwys inhou. In die finale instansie bly die vraag tot welke mate sodanige wetgewing die ouers d.m.v. hulle beheerliggame, asook die skool as 'n selfstandige entiteit, van hulle roeping en verantwoordelikheid ontneem (het). En soos in die inleidende paragraaf gesuggereer, moet bepaal word wat die uitwerking van diskriminasie deur die staat vir leerlinge aan openbare skole inhou, gelet op die uitgesproke doelstellings van Christelike onderwys binne die kultuureie milieu.

Onderwys en die taal van onderrig: Artikel 29 van die *Grondwet*

Hugo Hayes

Voorafopmerkings

Die reg op basiese onderwys en die reg tot onderwys in die amptelike taal of taal van keuse is in die *Grondwet* onder die afdeling "Handves van Regte" verskans. Die reg daartoe moet in openbare onderwysinstellings waar daardie taalvoorkeur redelik prakties uitvoerbaar sal wees, uitgeoefen word.

Die bepaling oor die taal van onderrig is egter een van die mees kwesbare aspekte van diskriminerende wetgewing in die onderwys. Waar die betrokke artikel (29 van die *Grondwet*) die reg waaroor elkeen beskik om in die amptelike taal of taal van sy of haar keuse onderrig te kan ontvang, daarstel, word hierdie reg deur die Handves van Regte gekwalifiseer. Die artikel in die Handves maak daarvoor voorsiening dat die staat alle redelike alternatiewe kan oorweeg, waardeur aan die oogmerke van die bepaling uitvoering gegee kan word. Een daarvan sou enkelmedium instellings kon wees. Die finale bevoegdheid om oor die taal van onderrig aan 'n openbare skool te kan besluit, berus dus by die onderwysdepartement.

Kommentaar

Die resultate van sg. diskriminasie van die verlede op rasgronde word deur die onderwysowerheid met die tradisioneel Afrikaanse onderwysinstellings (tradisioneel Afrikaanse universiteite/ model C-skole) verbind. Binne die beweegruimte wat deur hierdie bepaling gebied word, dui die heersende praktyke van die onderwysowerheid daarop dat daar 'n voorkeur vir Engelstalige universiteite/skole bestaan. Die onderwysowerheid is eerder geneë om bestaande Afrikaanse skole te transformeer as dat dit bestendig word. Die *modus operandi* soos tot hiertoe waargeneem, bestaan daarin dat Afrikaanse skole eers in dubbelmediumskole omgeskakel word, ter wille daarvan dat daar ook vir 'n Engelstalige komponent voorsiening gemaak word. Daardeur word weliswaar deur die onderwysowerheid aan die drie kernvoorwaardes van die bepaling gevolg gegee en, terwyl niemand die reg op sy/ haar taalvoorkeur ontsê word nie, voldoen die staat steeds aan die opgelegde verpligting, maar dit gebeur ten koste van Afrikaans as onderrigtaal.

Bevinding

Wat in die praktyk gevind word is dat sodanige voorheen Afrikaanse skole/universiteite mettertyd, as gevolg van hulle geforseerde dubbelmedium-status deur toedoen van die staat, hulle eiesoortige etos en karakter verloor, waarna hulle bloot tot Engelsmedium skole omvorm word. Die aantal Afrikaanstalige skole het gedurende die afgelope 30 jaar dramaties minder geword, te wyte aan die beleid van die onderwysowerheid. Daardeur het die toeganklikheid vir Afrikaans-sprekende leerlinge tot tradisioneel Afrikaanse skole skerp afgeneem, terwyl verengelsing in Afrikanergeledere skerp toegeneem het; soos ook deur navorsing bevestig. Dit moet, sonder twyfel, grootliks toegeskryf word aan die diskriminerende optrede van die onderwysowerheid teen Afrikaanse skole.

Relevante bepalings

Artikel 29(1)(a) en (2) van die *Grondwet* bepaal soos volg:

"(1) Everyone has the right—

(a) to a basic education, including basic adult education; and …"

"(2) Everyone has the right to receive education in the official language or languages of their choice in public educational institutions where that education is reasonably practicable. In order to ensure the effective access to, and implementation of, this right, the state must consider all reasonable educational alternatives, including single medium institutions taking into account—

(a) equity

(b) practicability; and

(c) the need to redress the results of past racially discriminatory laws and practices."

Vervolg van bl. 5: Christelike onderwys en ouers se mandaat

Kom ons kyk na enkele voorbeelde:

- Binne die skoolkurrikulum word aangedui dat die aarde nie geskep is nie, maar ontstaan het met verwysing na die evolusieteorie. Sondag na Sondag bely ons dat God die Skepper is en ons glo dit. Wanneer die skool/handboeke iets anders verkondig, is dit in stryd met ons geloof.
- As pa en ma stap ons saam met ons kinders by 'n winkel in waar die LGBTQ+ en 'pride month'-agenda openlik gepropageer word. Ons kinders vra vrae en stel belang. Vermy ons die gesprek of kan ons op grond van ons kinders se opvoeding en Christelike onderwysing sinvol God se waarheid en beginsels teenoor mekaar bevestig – dit wat ons ook elke Sondag deur belydenis hoor en deel?
- Iemand stel jou voor aan 'n televisieprogram wat handel oor vyf welvarende huisvroue wat vir 'n tyd in mekaar se geselskap is en ervarings deel. In die proses beskinder hulle mekaar, skel mekaar openlik en gebruik krutaal. Daar word selfs 'n partytjie gereël om 'n egskeiding te vier. En dit alles tot groot vermaak! Dis wanneer ons deur sulke ligsinnighede, duistere praktyke en selfverafgoding geteister word dat God se Woord duidelik in die erediens spreek met die woord "Maar". Dit wys op die regte weg – die antitese/teenstelling van die verkeerde weg. Dit is dieselfde antitetiese of teenstellende ingesteldheid wat ons as ouers moet volg wanneer ons kinders na televisieprogramme en stories kyk, en wanneer hulle met sosiale media op rekenaar of selfoon besig is, of wanneer hulle boeke lees. En kinders moet kan verstaan hoekom dit 'n probleem is. En soos ons kinders op die pad van geloofsgroei vorder en uiteindelik by belydenisaflegging en die pad daarna kom, behoort ouers saam die Here te prys vir die woorde/vraag uit Psalm 119 vers 9 wat vir ons verbondskinders rigting aandui en wat hulle aanspoor om die erediens en aanbidding van ons Here as heilig en noodsaaklik te beskou: "Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou?" En dan die antwoord: "Deur hom te hou aan u woord! 10 Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie. 11 Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U. 12 Aan U kom die lof toe, Here, leer my u voorskrifte. 13 Al u bepalings wil ek een vir een opnoem. 14 Om volgens u verordeninge te lewe, gee my meer vreugde as al die rykdom van die wêreld. 15 U bevele bly my altyd by. Ek gee ag op die pad wat U aanwys. 16 Ek verlustig my in u voorskrifte, u woord vergeet ek nie". Hierdie woorde uit Psalm 119 is uiteraard ook bedoel vir grootmense, want dis ook waarheen ons kinders op pad is – om as grootmense, geestelik volwasse, hulle roeping tot God se eer uit te leef.

[Met verwysing na die begrip "selfverafgoding", wys ek op 'n artikel wat in GotQuestions.org verskyn het en wat oor moderne vorme van afgode handel: https://www.gotquestions.org/idolatry-modern.html]

Ten slotte: Liewe verbondsouer, u is die primêre opvoeder en Christelike onderwys begin in die huis/gesin. Juis daarom moet ons tydens die erediens in aanbidding en in die gemeenskap van gelowiges met God se Woord geestelik gevoed word. Ons moet deur God se Waarheid gesterk word om die antitese as't ware te word binne 'n sinkretistiese wêreld. Ons gaan dit nie bloot regkry deurdat ons kinders rympies en mooi verhale memoriseer sonder om die diepte en ware betekenis en boodskap onderwysend vir ons kinders te leer nie. Ek reken u weet waarna ek verwys. Ek dink aan verhale soos die verlore seun, Jona in die groot vis, Dawid en Goliat, en so meer. Dit is verhale wat maklik net 'mooi stories' kan word sonder dat dit werklik die hart en verstand aanspreek en tref. Alleen deur ware aanbidding soos hierbo uiteengesit, kan ons en ons kinders die diepte van God se Woord beleef waarmee ons mekaar kan opbou, binne die gesin tussen man en vrou en tussen ouers en kinders en tussen kinders en kinders – tot eer en verheerliking van God drie-enig.

So, voor ons dus besluit of 'n tipe skool met al sy fasette oorweeg, moet ons die basis reg lê en moet ons begin deur te bou en voortdurend te bou op die belangrike hoeksteen – Jesus Christus. Voorwaar, "Christelike onderwys" begin by die huis as opdrag/mandaat aan ons verbondsouers.

Taal en kultuur: Artikel 30 van die *Grondwet*

Hugo Hayes

Voorafopmerkings

Die bepalings in artikel 30 van die *Grondwet* verleen 'n algemene reg op beoefening van die taal en kultuur van eie keuse, maar dan word hierdie reg ewe-eens weer deur die voorwaardes in subartikels daarvan beperk. Indien daar beperkinge op die beoefening van die eie taal en kultuur geplaas word, word die uitlewing daarvan tot so 'n mate geïnhibeer dat dit nie anders kan nie as tot verskraling te moet lei. Die vraag ontstaan dus hoe hierdie reg in die praktyk uitgeoefen sou kon word sonder dat dit diskriminasie aan universiteite en openbare skole tot gevolg sou hê.

Kommentaar

Soos in die geval van godsdiens en godsdiensvryheid, word die reg ingevolge artikel 30 van die grondwet op die gebruik van die eie taal en die deelname aan die kultuur van eie keuse, deur die bepalings van die Handves beperk. Die invoeging van subartikels (3) en (4) van die Handves-artikel, waarby kultuur en taal ingesluit word, moet na oordeel so uitgelê word dat dit beperkings stel aan die uitoefening van die reg daarop. Aan geeneen van die diverse kulture en tale van die SA-samelewing mag daar m.a.w. enige voorrang in die openbare onderwysopset verleen word nie, want dit sal op bevoorregting van een ten koste van die ander neerkom, d.w.s. onbillike diskriminasie in terme van die Wet.

Weereens is dit die geval dat spanning bestaan tussen die algemene reg op vryheid van die beoefening van die eie taal en die kultuur van eie keuse en die bepaling wat onbillike diskriminasie op grond daarvan verbied. Dit stel ongetwyfeld 'n grens vir die uitoefening van hierdie regte. Daar mag nie onbillik teen andere vanweë hulle kultuur en taal gediskrimineer word nie. Daar moet derhalwe 'n 'aanvaarbare' balans gevind word. Hoewel billike diskriminasie toelaatbaar is, is dit telkens moeilik te bepaal.

Bevinding

Dit is prakties gesproke haas onmoontlik dat daar 'n 'aanvaarbare' balans vir die beoefening van die gemelde regte gevind word, sonder dat die eie taal onbehoorlik ingekort en die kultuur van eie keuse onbehoorlik van die betekenis en inhoude daarvan gestroop word. Gedagtig daaraan dat die menslike gees ten nouste met die eie kultuur en taal gemoeid is, plaas hierdie beperkende regsreël (Artikel 9(3);(4)) nie slegs die Afrikaner nie, maar ook andere in 'n onhoudbare posisie. Die gevolge van kultuur- en taalverarming is onberekenbaar wanneer die geestelike skade wat daardeur teweeggebring word, in aanmerking geneem word. Dit kan nie anders as teenproduktief tot die ware bedoeling van onderwys, nl. die toerusting en verryking van die menslike gees en verstand, beoordeel word nie.

Verder moet op die betekenis van kultuur en taal gewys word sover dit die belangrike kwessie van identiteitvorming betref. Die vereiste van die beperkende regsreël lei in die praktyk daartoe dat 'n sinkretisering van kultuur en taal as die aangewese sg. 'veilige' uitweg gevolg word. 'n Sinkretistiese benadering tot die onderwys lei uiteindelik tot identiteitsverlies en die gepaardgaande verlies van menswaardigheid, met al die negatiewe gevolge daaraan verbonde.

Hierdie bepalings moet gevolglik as uiters diskriminerend bestempel word.

Relevante bepalings

Artikel 30 van die *Grondwet* bepaal soos volg:

"(30) Everyone has the right to use the language and to participate in the cultural life of their choice, but no one exercising these rights may do so in a manner inconsistent with any provision of the Bill of Rights."

Die bepaling word onderhewig gestel aan artikel 9 van die Handves van Regte, waarin onder meer spesifiek die volgende beperkende voorwaardes gestel word:

"(3) The state may not unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including race, gender, sex, pregnancy, marital status, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture, language and birth.

*(4) No person may unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds in terms of subsection (3). National legislation must be enacted to prevent or prohibit unfair discrimination.

(5) Discrimination on one or more of the grounds listed in subsection (3) is unfair unless it is established that the discrimination is fair."

TLU-handves en eiendomsreg

Hugo Hayes

In wat as ’n deurbraak t.o.v. die beskerming van eiendomsreg in kritieke tydsomstandighede gesien word, het die Transvaalse Landbou-unie (TLU SA) ’n belangrike en beslissende stap geneem. Die TLU SA het naamlik daartoe oorgegaan om ’n Handves vir die beskerming van Privaat Eiendomsreg te aanvaar. Die Handves is op 24 Julie 2024 bekendgestel en onderteken. Dit bevat ondermeer 19 artikels waarin die TLU sy fundamentele uitgangspunte betreffende die beskerming van eiendomsreg uiteensit.

Die aanvaarding van so ’n handves, binne die heersende sosio-politieke klimaat van SA, is van deurslaggewende belang, nie net vir die landbougemeenskap nie. Benewens dat die TLU daardeur sy posisie as gesiene rolspeler in die landbou duidelik bevestig, is daar kernaspekte waarvan in ’n breëre konteks kennis geneem behoort te word. Die Handves bevat naamlik die grondliggende oorwegings waarom eiendomsreg as sodanig ’n saak is wat op hierdie wyse formele beskerming moet geniet. Die primêre oorwegings waarvan die TLU uitgaan is op Bybelse beginsels begrond, wat dit noodsaak dat daarvan kennis geneem sal word ook in die breëre verband van die samelewing. Die rede daarvoor is dat die handves insgelyks daardie kwessies te berde bring wat op enige ander regsentiteit in die samelewing van toepassing gemaak sou kon word, waar dit oor privaatbesit en eiendomsreg gaan.

Voorts is die aanvaarding van die handves ’n duidelike en onomwonde teenoorstelling t.o.v. die polities-ideologiese beleidsrigting waarin daar die afgelope jare beweeg word. Daardeur (die beleidsrigting) het eiendomsreg as ’n voorheen erkende beginsel in die spervuur gekom, wat tot groot onsekerheid nie net in landbougeledere nie, maar ook privaatbesit in die algemeen, aanleiding gee. In landbougeledere bring dit nie net voedselsekerheid in die gedrang nie, maar ook die volhoubare voortbestaan van die landbousektor in Suid-Afrika. En dit boonop in ’n tyd waarin die landbou gebuk gaan onder uiters ongunstige ekonomiese, politieke en ander faktore wat kummulatief negatief daarop inwerk.

Die TLU SA het hiermee dus ’n stap geneem wat as van wesenlike belang nie net vir die landbou nie maar ook die samelewing in sy groter geheel bestempel kan word, vanuit veral twee gesigspunte beskou: die eerste is dat daar standpunt ingeneem word t.o.v. die beginsel van eiendomsreg as van universele belang; tweedens dat die kwessie van regsekerheid ook wat die publieke belang betref, in die gesigsveld kom. Dit gaan dus nie oor die geldigheid van hierdie beginsel slegs sover dit die landbou betref nie, maar het ook implikasies vir die breëre samelewing, oral waar privaat eiendomsreg ter sprake mag wees.

Wat dus in hierdie verband ter oorweging geneem moet word is: waarom privaat eiendomsreg as beginsel erken en beskerm behoort te word. Ingevolge die Godgegewe kultuuropdrag aan die mens en ten gevolge van die uitvoering van ons roeping op aarde, word aan ons die reg vergun om eiendom te mag besit. Daardeur word ons in staat gestel om, met behulp van die beskikking oor eiendom en met inagneming van ander noodsaaklike hulpbronne, ons roeping in hierdie wêreld op ’n sinvolle en verantwoordelike wyse te kan uitvoer. Daarsonder sal dit eenvoudig nie moontlik wees nie. Eiendomsreg is derhalwe ’n kardinale beginsel ter uitvoering van ons Bybelse opdrag en roeping. Dit geld nie slegs die landbou nie, maar ook enige ander sektor van die samelewing, hetsy die sakebedryf, onderwys, diensverskaffing ens.

’n Saak wat in noue verband hiermee staan is die kwessie van Bybelse rentmeesterskap. Ook dit is ’n beginsel waarvan die uitoefening grootliks deur die beskerming en erkenning van eiendomsreg mede-bepaal word. Immers, wanneer iemand daarvan weerhou sou word om as rentmeester te kan optree, deurdat hy of sy van hulle reg op eiendom ter voldoening daaraan ontneem word, hou dit besliste implikasies in. Dit sal dan daarop neerkom dat ’n individu/instansie wat sy/haar/hulle rentmeesterskap wil uitoefen, nie daartoe in staat gestel word nie, vanweë die ingreep op hierdie reg; soos in die geval van gedwonge onteiening.

Tydens die bekendstelling van die Handves het die TLU SA die volgende beroep gedoen:

“Met die loods van die Handves roep TLU SA individue en sosiale instellings op om saam te staan teen enige ingrepe op privaat eiendom en om alle grondwetlike en ander meganismes te gebruik om onteiening en/of beperking van privaat eiendomsreg vir sosialistiese doeleindes met alle beskikbare middele teen te staan.

Die TLU SA doen ’n ernstige beroep op alle Suid-Afrikaners om ’n verenigde front te vorm ter beskerming van privaat eiendomsreg, wat noodsaaklik is vir die uitoefening van ander

Vervolg op bl. 13

Toelatings- en Taalbeleid: Artikel 5 & 6 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, 84 van 1996: soos gewysig deur die sg. BELA-wet

Hugo Hayes

Voorafopmerkings

Die bevoegdhede betreffende die toelatings- en taalbeleid was tot onlangs nog in die beheerliggame van en in skole self gevestig. Met die aanvaarding van nuwe wetgewing, bekend as die sg. BELA-wet, het dit 'n totale omwenteling in hierdie toedrag van sake tot gevolg. Daardeur sal die bevoegdhede van beheerrade en skole tot dié mate deur die staat oorheers word dat dit hulle in effek daarvan ontneem word.

Kommentaar

Artikels 5 & 6 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*, Wet 84 van 1996, vestig die bevoegdheid en mag betreffende die beleid oor toelating en die taal van onderrig, in die beheerliggaam van die skool. Dit is dus reeds die afgelope 28 jaar die gevestigde wetlike reëling.

In die omstrede *Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys (BELA)*, soos reeds deur die staatspresident onderteken, is daar nou egter bepalings ingebring wat die bevoegdhede en magte van die beheerliggaam ondergeskik stel aan die departementshoof van die Departement van Onderwys (hoewel daar 'n tydelike opskorting van die bepalings in verband daarmee deur die staatspresident aangekondig is, ter wille van die bereiking van 'n moontlike oplossing). Indien die bepalings egter gehandhaaf sou word, sal dit die departementshoof in staat stel tot die –

- finale seggenskap tot toelating van 'n leerder;
- mag om die beheerliggaam te gelas om die taalbeleid te hersien;
- mag om 'n direktief aan 'n publieke skool uit te reik, ten einde na meertalige onderrig oor te skakel.

Dit sal meebring dat die bevoegdhede en magte wat vantevore die uitsluitlike prerogatief van die beheerliggaam was, deur die departementshoof van die Departement van Onderwys oorheers sal kan word. Daardeur sal aan die departementshoof op sentrale vlak die reg verleen word om inbreuk te maak op die besluite en dus bevoegdhede van die beheerliggaam op plaaslike vlak en dit selfs ter syde te kan stel.

Die beleid oor toelating en taal van onderrig is twee kritiese elemente sover dit die administrasie en beheer van die publieke skool aanbetref en wat laasgenoemde 'n selfstandigheid verleen om oor plaaslike aangeleenthede te kan besluit in die beste belang van die skool. Indien die staat by wyse van die departementshoof van die Departement van Onderwys die reg sou verkry om die finale seggenskap oor die toelating en taal van onderrig uit te oefen, sal dit op 'n ernstige aantasting van die selfstandigheid van die publieke skool of onderwysinstelling neerkom. Die beleid oor toelating en die taal van onderrig is sake wat nie van die publieke skool weggeneem mag word nie, sonder dat dit ernstige implikasies vir die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring of vryheid-in-eie-bevoegdheid sal meebring. In 'n beskaafde, gedifferensieerde samelewing word hierdie beginsel erken, wat beteken dat elke instelling van die samelewing oor 'n eie selfstandigheid beskik. Die staat het derhalwe geen reg om eiewillig op die selfstandigheid inbreuk te maak deur, bv., die magte en bevoegdhede van instellings anders dan die staat oor te neem nie. Dit kom neer op 'n ernstige skending van die integriteit van sodanige geaffekteerde instellings, wat dui op 'n staat wat in die rigting van tirannie beweeg. Dit hou gevolge in vir die soort samelewing waarin instellings soos die skool oor die vryheid behoort te beskik om selfstandig te kan funksioneer, maar daardie vryheid deur die staat ingeperk of opgeskort word.

Bevinding

Enkele gevolge waarop gewys moet word:

Indien die staat op onregmatige wyse die toelating van leerders tot skole kan bepaal, kan dit die samestelling van sodanige skole sodanig verander dat die kulturele identiteit daarvan in die gedrang kom. Die kulturele identiteit hang saam met die besondere etos en karakter van die skool, wat op hierdie wyse vernietig kan word. Die voortbestaan van 'n skool met 'n oorwegend Afrikaanse kultuureie karakter kan sodoende tot niet gemaak word.

Indien die staat op onregmatige wyse die beheer oor die taalbeleid van die skool oorneem, kan dit tot gevolg hê dat oorwegend Afrikaanse skole gedwing sou kon word om van Engels as onderrig gebruik te maak, selfs al sou die meerderheid van die leerders Afrikaanssprekend wees.

Moedertaalonderrig kan drasties ingekort word indien skole gedwing sou word om van Engels as onderrigtaal gebruik te maak, terwyl die skool oorwegend

Afrikaanssprekend is, wat 'n uiters nadelige uitwerking op die behoud van die kulturele identiteit asook die akademiese standaarde kan hê.

In die omstandighede moet op die diskriminerende aard van die betrokke artikels oor toelating en die taal van onderrig gewys word.

Samevattende gevolgtrekking

In ag genome die uitwerking van die beperkende regsreëls t.o.v. die eie godsdiens, die taalvoorkeur, die taal van onderrig en die kultuur van eie keuse, word al hierdie verbandhoudende regte dermate ingekort dat die sinvolle uitoefening daarvan grootliks of ten volle aan bande gelê word. Ewe-eens wat die bevoegdhede en magte betref wat voorheen by publieke skole gevestig is, te wete die toelatingsbeleid, asook dié t.o.v. die taal van onderrig, waar die departementshoof van die Departement van Onderwys oor die finale bevoegdheid sal beskik (indien die tydelike opskorting tot geen oplossing sou lei nie). Die bevoegdhede en magte wat hier ter sprake is, hoort nie by die staatsdepartement nie, maar by die plaaslike onderwysgemeenskap, d.w.s. die ouers d.m.v. die beheerrade en die publieke skool as selfstandige instelling. Die beskikking oor hierdie regte hang saam met die vryheid waaroor die publieke skool, asook die beheerrade, kragtens die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring, beklee word. Die inbreuk wat, kragtens die wetgewing waarna hierbo verwys word, deur die staatsorgaan daarop gemaak word, beteken dat die burgervryhede waaroor die onderwysinstellings behoort te beskik, hulle ontneem word. Dit kan in geen ander terme nie as volstrekte diskriminasie deur die staat, beskryf word.

Addendum vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 11: TLU-handves en eiendomsreg

burgerregte soos menswaardigheid, godsdiensvryheid, bewegingsvryheid, handelsvryheid, beroepsvryheid, huisvesting, onderwys, taal en kultuur."

Ten slotte moet aan die TLU SA die nodige erkenning gegee word dat hy hierdie uiters belangrike inisiatief geneem het. Die VCHO wil sy volle ondersteuning daaraan verleen, in die lig van die krisis wat deur wetgewing oor die opskorting van eiendomsreg dreig en die potensieel ernstige ekonomiese, maatskaplike en politieke gevolge wat daardeur geskep word. Daarenteen plaas die TLU SA-handves die saak in Bybelse perspektief, met die oog op sekerheid.

Die 19 artikels van die TLU SA Handves vir die beskerming van Privaat Eiendomsreg:

Artikel 1 [Die reg op privaat eiendom is 'n Bybelse beginsel]

Artikel 2 [Staatlike magswellus is die bron van nasionalisering, ontkenning van privaat eiendomsreg en aantasting daarvan deur ontneming van eiendom sonder vergoeding]

Artikel 3 [Onteiening sonder behoorlike en billike vergoeding is 'n oortreding van die Agste Gebod]

Artikel 4 [God Drie-enig se gebod teen diefstal beskerm eerlike en wetsgehoorsame eienaars van privaat eiendom]

Artikel 5 [Ontneming van privaat eiendom op onregverdige wyse en sonder voldoende vergoeding is 'n ontneming van die reg op vryheid]

Artikel 6 [Die Bybelse beginsels van God Drie-enig se roepings- en beheersingsopdrag het oor eeue neerslag gevind in die bepalings van die internasionale en gemenereg]

Artikel 7 [Gedwonge ontneming van privaat eiendom en ondermyning van ekonomiese volhoubaarheid]

Artikel 8 [Aantasting van private eiendomsreg gebaseer op Marxisties-sosialistiese ideologieë lei noodwendig tot ondermyning van voedselsekerheid, hongersnood en ekonomiese verval]

Artikel 9 [Privaat eiendomsreg en burgerlike vryheidsregte]

Artikel 10 [Die reg tot roepingsvervulling en privaat eiendom]

Artikel 11 [Privaat eiendomsreg en die benutting van beskikbare hulpbronne]

Artikel 12 [Vryemarkbeginsels en privaat eiendomsreg]

Artikel 13 [Identiteit en privaat eiendomsreg]

Artikel 14 [Privaat eiendomsreg en ontwikkeling van die landbou- en ander bedrywe]

Artikel 15 [Privaat eiendomsreg en welstand van die bevolking]

Artikel 16 [Privaat eiendomsreg en ontwikkeling van die kommersiële landbou]

Artikel 17 [Privaat eiendomsreg en stabilisering van die ekonomie]

Artikel 18 [Privaat eiendomsreg en georganiseerde landbou]

Artikel 19 [Individuele en kollektiewe optrede ter beskerming van privaat eiendomsreg]

(Bostaande soos van die TLU SA-webblad verkry en word met die nodige erkenning hier geplaas)

Addendum

Artikels 5(1) en 5(5) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* bepaal soos volg:

"**Admission to public schools.–**

(1)*A public school* must admit *learners* and serve their educational requirements without unfairly discriminating in any way.
(5)Subject to *this Act* and any applicable provincial law, the admission policy of a *public school* is determined by the *governing body* of such *school*.

Die toelatingsbeleid moet aan die norme en standaarde soos in Artikel 5A(1) voldoen, wat soos volg bepaal:

(1)The *Minister* may, after consultation with the minister of Finance and the *Council of Education Ministers*, by regulation prescibe minimum uniform norms and standards for–"

Artikels 6(1) en 6(2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* bepaal soos volg:

"**Language policy of public schools.–**

(1)Subject tot the *Constitution* and *this Act*, the *Minister* may, by notice in the Government Gazette, after consultation with the *Council of Education Ministers*, determine norms and standards for language policy in *public schools*.
(2)The *governing body* of a *public school* may determine the language policy of the *school* subject to the *Constitution*, *this Act* and any applicable provincial law."

Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, Wet No. 32 van 2024/ Basic Education Laws Amendment Act, Act No. 32 of 2024

Wysiging van Artikel 5 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur Artikel 2 van Wet 50 van 2002

4. "Section 5 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended—

(d) by the substitution for subsection (5) of the following subsection: ''(5) Subject to *this Act* and any applicable provincial law, the admission policy of a *public school* is determined by the *governing body* of such *school* in line with the *Constitution* and relevant legislation: Provided that—

(a) the *governing body*, when considering the admission policy or any amendment thereof for approval, must be satisfied that the policy or the amendment thereof takes into account the needs, in general, of the broader community in the *education district* in which the *public school* is situated, and must take into account factors including, but not limited to—

(i) the best interests of the child, with emphasis on equality as provided for in section 9 of the *Constitution*, and equity;
(ii) whether there are other *schools* in the community that are accessible to *learners*;
(iii) the available resources of the *school* and the efficient and effective use of state resources; and
(iv) the space available at the *school* for *learners*; and

(b) the *Head of Department*, after consultation with the *governing body* of the *school*, has the final authority, subject to subsection (9), to admit a *learner* to a *public school*; and

(c) the *governing body* must review the admission policy determined in terms of this section every three years or whenever the factors referred to in paragraph (a) have changed when circumstances so require, or at the request of the *Head of Department*."

Wysiging van Artikel 6 van Wet 84 van 1996

5. "Section 6 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

(2) The *governing body* of a *public school* may, subject to subsection (7), determine the language policy of the *school* subject to the *Constitution*, *this Act* and any applicable provincial law: Provided that the language policy of a *public school* must be limited to one or more of official languages of the Republic as provided in section 6(1) of the *Constitution*.";

(c) by the addition of the following subsections:

(5) The *governing body* of a *public school*, when determining the language policy of the *school* or any amendment thereof, must be satisfied that the policy or the amendment thereof takes into account the language needs, in general, of the broader community in the *education district* in which the *public school* is situated, and must take into account factors including, but not limited to—

(a) the best interests of the child, with emphasis on equality as provided for in section 9 of the *Constitution* and equity;
(b) section 6(2) of the *Constitution*;
(c) section 29(2) of the *Constitution*;
(d) the changing number of learners who speak the language of learning and teaching at the *public school*;
(e) the need for effective use of classroom space and resources of the *public school*; and
(f) the enrolment trends of the *public school*.

(6) The *governing body* must review the language policy determined in terms of this section every three years or whenever the factors referred to in subsection (5) have changed, when circumstances so require, or at the request of the *Head of Department*.

(7) Notwithstanding the provisions of subsection (2), the *Head of Department* may, where it is practicable to do so and subject to subsection (5), direct a *public school* to adopt more than one language of instruction.

(8) The *Head of Department*, in determining whether it is practicable for a public school to have more than one language of instruction, must take into account factors including, but not limited to—

(a) the best interests of the child, with emphasis on equality as provided for in section 9 of the *Constitution* and equity;
(b) the changing number of *learners* who speak the language of learning and teaching at the public school;
(c) the need for effective use of classroom space and resources of the *public school*; and
(d) the language needs, in general, of the broader community in the *education district* in which the *public school* is situated.

(9) The *Head of Department* may not act in terms of subsection (7) unless he or she has—

(a) in writing, informed the school and the *governing body* of his or her intention to act as contemplated in subsection (7) and his or her reasons therefor;
(b) notified the *parents* associated with the *school*, and the community in which the *school* is situated, of his or her intention so to act and the reasons therefor—
(i) by means of a notice in at least one newspaper circulating in the area where the *school* is situated, if any newspapers circulate in that area;
(ii) by causing the *principal* of the school to—
(aa) hand to every *learner* a notice containing the relevant information; and
(bb) instruct the *learners* to hand the notice to their *parents*; and
(iii) by means of any other acceptable form of communication that will ensure that the information is spread as widely as possible;

(a) granted the school, the governing body, the *parents* associated with the *school*, and the community in which the school is situated, a reasonable opportunity to make representations to him or her in relation to such action;"

Bartolomeusnag: 24 Augustus 1572

Bydrae gelewer tydens die Kongres van die Calvinistiese Alliansie

Hugo Hayes

'n Kroniek van verdrukking en vervolging

Dit is merkwaardig dat die ou kerkvader, Tertullianus, in ongeveer 160 n.C. reeds opgemerk het dat die bloed van die martelare die saad van die kerk is. Met hierdie betekenisvolle uitspraak het hy geïmpliseer dat die volgehoue lyding en vervolging van die martelare die groei en verbreiding van die ware kerk tot gevolg het en sal hê. Wanneer ons daarop terugkyk, blyk dit inderdaad die geval te wees. In hierdie lig beskou, is die verskynsel van martelaarskap, geloofshalwe besien, beslis nie sinloos nie. Want dat die ware kerk ten spyte van lyding en vervolging deurentyds bly groei en verbrei het, kan nie ontken word nie; al was dit van wisselende aard in verskillende tye. En dit laat 'n mens telkens weer onwillekeurig aan die name van martelare wat deur die eeue voortgeleef het, dink: die kerkvader Polycarpus van Smirna (2de eeu n.C.) en Johanners Huss, die Tsjeggiese hervormer (15de eeu n.C.). Beide wie op brandstapels met hulle lewens moes betaal, as bevestiging van hul standvastigheid van geloof. Daar was ook andere.

Die vroeë tydperk van die Christelike Kerk tot vóór keiser Konstantyn staan trouens ook in die kerkgeskiedenis as die "Era van die martelare" bekend. Volgens oorlewering, het die tydperk sedert die stigting van die Christelike Kerk, tot voor die begin van die 4de eeu n.C. reeds 950 martelare opgelewer. Vroeg aan die begin van die 4de eeu n.C. het daar desnieteenstaande 'n tydperk van verdraagsaamheid ingetree, te danke daaraan dat die Romeinse keiser, Konstantyn die Grote, die Christendom as sg. 'wettig' laat verklaar het. Dit, nadat hyself, volgens bronne, die Christelike geloof aangeneem het en in 'n klaarblyklike poging om die volgehoue aanslag teen die Christelike kerk tot 'n einde te probeer bring. In 380 n.C. is, deur die Edik van Theodosius, die Naceense Christendom as die staatskerk van die Romeinse Ryk erken.

Na die val van die Heilige Romeinse Ryk, soos dit bekend gestaan het, in die 5de eeu n.C., het 'n tydperk ingetree waartydens die vervolging teen die Christendom weliswaar afgeneem het. In daardie tyd vind ons die opkoms van die Rooms-Katolieke Kerk, wat die kerklike toneel in Europa oorheers het, gedurende die tydperk wat as die Middeleeuse skolastiek bekendstaan. Waar in die tydperk voorafgaande dit die staat was wat as die oorheersende entiteit in die samelewing gehandhaaf was, was dit gedurende hierdie tyd die Rooms-Katolieke Kerk wat haar bo alle ander instellings van die samelewing verhef het. Uiteraard het dit sy kwota vraagstukke meegebring, maar waarop nie nou ingegaan kan word nie.

Alhoewel dit steeds nie 'n einde aan die vervolging van die Christelike Kerk gebring het nie, het daar tóg 'n tydperk van groter verdraagsaamheid ingetree. Maar dat die Kerk van ons Here Jesus deur die eeue heen nie sondermeer toegelaat sou word om ongehinderd haar gang te gaan nie, daaroor bestaan daar geen twyfel nie. En dat dít met stelligheid beweer kan word, aangesien teen ongeveer die helfte van die 2de millennium die verdrukking en vervolging van hierdie Kerk weer opgevlam en in intensiteit verhewig het.

Ek verwys hier onder meer na die Spaanse Inkwisisie wat in 1478 deur die Rooms-Katolieke monargie ingestel was, ten einde katolieke ortodoksie te probeer handhaaf in die aangesig van die groei van die Christelike Kerk. Dit was ingestel met die oog daarop dat Spanje en sy Spaanse kolonies onder pouslike beheer sou bly. Dit word bereken dat in die drie eeue wat daarop gevolg het m.a.w. tot diep in die 18de eeu, ongeveer 150 000 gelowiges wreed vervolg en daar tussen 3 000 en 5 000 mense vermoor is.

Met die begin van die afskeiding van die Rooms-Katolieke kerk sedert die aanbreek van die Hervorming van 1517, het talle Franse die Protestantse geloof aangeneem. Hulle posisie in Frankryk was egter onseker en onveilig, aangesien die opkoms van die Protestantisme tot spanning aanleiding gegee het, in 'n samelewing wat oorwegend Rooms-Katoliek was.

Wanneer Bartolomeusnag by 'n geleentheid soos hierdie herdenk word, bring dit ons by een van die mees verraderlike en wrede optredes nóg deur die Roomse Kerk, te staan. Toe, volgens gesaghebbende bronne, duisende Hugenote na die vorstelike huwelik aan die Franse koninklike hof genooi is, onder die voorwendsel dat dit as 'n gebaar van toenadering tot die Hugenote gesien word. Maar sonder dat hulle (die niksvermoedende Hugenote) daarvan bewus was dat die slagordes vooraf reeds opgestel was om tot hulle vermoording oor te gaan. En dit onder die aanhitsing en opsweping van die

Roomsgesinde koninginmoeder, Catherine de Medici. Dat gedurende die nag van 23 en op 24 Augustus 1572, derduisende Hugenote in Frankryk op koelbloedige wyse vermoor is. Voeg daarby ook nog die laakbare optrede van die Rooms-Katolieke pous wat ter 'viering' van Bartolomeusnag die *Te Deum* laat sing en 'n triomfpenning laat munt het.

Dat dit vir talle gelowiges deur die eeue heen bestem was om groot offers te bring, ter wille van die voortgang van die Christendom en die Christelike geloof, is 'n saak waarvan op 'n dag soos hierdie weer terdeë kennis geneem moet word. Dit moet ons telkens herinner aan die ontsettende bloedoffers wat gebring sou word, in belang van die voortgang van die ware Christelike Kerk. Meer bepaald dan die opkoms van die Protestantisme en die vraag waar ons tans in Suid-Afrika in hierdie opsig staan, ook wat die onderwys betref.

Beoordeling vanuit Christelik-historiese perspektief

Waar ons vandag aandag gee aan wat as 'n veelbewoë tyd in die voortgang van die ware Christelike Kerk beskou kan word ontstaan die vraag: hoe moet ons dit beoordeel? Indien dit slegs in historiese lig beoordeel word, bestaan die gevaar dat reg nie geskied laat word aan die herdenking van so 'n belangrike geleentheid nie. Die harde werklikheid is dat daar eintlik nooit 'n tyd was waarin die ware Christelike Kerk van verdrukking en vervolging gevrywaar sou wees nie. Moet ons aanvaar dat instellings soos die valse kerk, die outoritêre staat; teenstanders van die kerk van die Here Jesus, hulleself die reg mag veroorloof om die gelowiges aan verdrukking en vervolging te onderwerp?

Dus word gevra of slegs 'n historiese perspektief reg kan laat geskied aan die aanslag op die Christendom; of dit die enigste sou wees wat op 'n gebeure soos Bartolomeusnag nagehou sou kon word? M.a.w. dat sedert die stigting van die Christelike Kerk, dit bloot as 'n gegewe aanvaar moet word dat daar teen die ware kerk opgetree word; dat lyding, verdrukking en vervolging ons deel sal wees tot by die wederkoms en dat dit maar as sodanig aanvaar moet word? Ek wil egter argumenteer daar is meer as slegs die historiese gesigspunt, wat in oorweging geneem behoort te word, in antwoord hierop.

In die 16de eeu het koning Hendrik IV weliswaar gepoog om 'n einde aan die verwoestende Franse geloofsoorloë te probeer bring. Deur die Edik van Nantes van 1598 is aan die Franse Protestante, wat as die Hugenote bekend gestaan het, aansienlike regte en vryhede verleen. Maar in 1685 het koning Lodewyk XIV die Edik herroep en die Protestantisme as sg. 'onwettig' verklaar.

By geleentheid van 'n terugskou op Bartolomeusnag, nou reeds ongeveer vyf-en-'n-half eeue gelede kom ons eie volksgeskiedenis meteens ook weer helder in sig. 'n Geskiedenis van Protestante wat uiteindelik voor die voldongenheid te staan gekom het dat hulle, ter wille van die vryheid van hulle geloof, hul vaderland moes verlaat. Die koms van die Franse Hugenote na Suid-Afrika (1688) is van geen geringe betekenis nie, inteendeel. Die agterlaat van jou eeuelange gevestigde belange, jou wortels van 'n eie bodem, eie kultuur, eie geskiedenis en wat nog alles meer, ter wille van die vryheid van jou geloof, is geen geringe saak nie. Die agterlaat van al hierdie belange in die oorgaan na en hervestiging in 'n nuwe vreemde vaderland, kon geen maklike besluit gewees het nie. Maar wat vir Frankryk as 'n verlies in terme van die Protestantse geloofserfenis gesien moet word, moet vir die voortgang van die beskawing in Suid-Afrika as 'n wins gesien word.

In hierdie opsig word gedink aan die paslike erkenning wat daar in 1948 te Franschoek gegee is, deur die onthulling van die Hugenote-gedenkteken. Die simboliek soos uitgebeeld deur die sentrale vroue-figuur bring die geloofsdurf van die Hugenote na vore, wat bereid was om alles op te offer, ter wille van hulle vryheid. Die elemente aldaar is sinnebeeld van die werklikhede waarop die Hugenote hulle lewens gegrondves het, naamlik die Goddelike Drie-eenheid, die Son van Geregtigheid en die kruis van Christus, waardeur die Protestantse gees op kenmerkende wyse na vore gebring word.

Onoorsienbare implikasies vir die onderwys

Die tema van my bydraetjie is Bartolomeusnag en die onderwys. Waarby ek dus wil uitkom is: hoe hierdie twee met mekaar in verband gestel behoort te word. Vroeër is daarna verwys dat dit goed en reg is dat 'n historiese perspektief op Bartolomeusnag geneem sou kon word. Maar die vraag ontstaan: wat dan van ander soos die etiese perspektief, asook dié van die geloof. Ek herinner my dat daar tóg wel in 'n vroeër tyd in ons onderwys in die vorige eeu aan die betekenis van Bartolomeusnag aandag gegee was. Maar dit was baiekeer slegs 'n kliniese refleksie op historiese gebeure, sonder dat daar aan die essensie van die geloofstryd as sodanig aandag gegee was. Daarmee word die terugkyk op Bartolomeusnag enigsins verskraal tot bloot die historiese wat, hoewel belangrik, nogtans as ontoereikend beskou word. Sonder die uiters belangrike

kontekstualisering binne die Protestantse geloofstryd en die offers wat individueel en kollektief gebring was, ter wille van vryheid in die Christelike betekenis daarvan, sal dit steeds onvolledig bly. Sedert die eeuwending het daar selfs ook van die historiese terugkyk op Bartolomeusnag weinig oorgebly en ek sinspeel hier spesifiek op die onderwys van die kinders van ons volk in volksvreemde skole. Ons staan hieroor trouens diep in die skuld by die nageslag.

'n Herdenking van Bartolomeusnag waar ons die lyn wil deurtrek vanaf die vroegste martelaarskap, die Bybelse Stéfanus, eerste in die bestaan van die Christelike kerk, het vandag vir ons 'n duidelike boodskap. Soveel ander na hom, wat onwrikbaar by hulle getuienis oor Jesus Christus gestaan het en selfs nie bereid was om dit in die aangesig van die dood af te sweer nie, het verdrukking en vervolging moes verduur. En vandag bevind ons ons in omstandighede waarvan ons moet sê dat dit ook tot aan ons eie deur gekom het. Wanneer onder meer na 'n owerheid gekyk word wat kennelik daarop uit is om outoritêre beheer en seggenskap oor die onderwys te neem. Deurdat daar binne die onderwysbedeling van SA 'n volgehoue en doelbewuste poging d.m.v. beleidsmaatreëls en wetgewing aangewend word, wat daarop gerig is om die jongmense van ons volk van hulle godsdiens en kultuur te vervreem. Die kwessie ter oorweging is derhalwe: van welke betekenis is die getuienis oor martelaarskap, ter wille van die geloof en die gepaardgaande geloofstryd vir ons in ons benadering tot die onderwys?

Ons moet die gebeure van Bartolomeusnag en martelaarskap opweeg teen die Bybelse norm van ons getrouheid aan die Here en sy Woord en die imperatief soos daardeur aan die gelowige gestel. Trouens, 'n uitspraak deur die Here Jesus self, gee reeds 'n aanduiding van wat die ware gelowiges te wagte kan wees:

Joh. 16:33: ..."In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed Ek het die wêreld oorwin."

Pet. 2:18-25 "Juis hiervoor is julle geroep, omdat Christus self vir julle gely het en so vir julle 'n voorbeeld gestel het. ..."

Daar moet dus verklaar word dat waar die geloof in God-Drieënig eenmaal bely word, daar vir die gelowige geen terugdraai op die geloofspad kan wees nie. Daar staan hy/sy voor die onvermydelike dat hulle soos Martin Luther moet verklaar: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie". As die samelewing van ons dag hierdie onwrikbaarheid in Christene se modus operandi kon bespeur, sou 'n eenduidige en veel kragtiger getuienis oor ware Christenskap teenoor wie ookal kon uitgaan. Hoeveel groter sou die appèl dan nie kon wees nie dat getrouheid aan God en sy Woord 'n saak is van geen kompromie nie, maar 'n staan by die Waarheid van die Woord.

Wanneer ons dus praat van Christelike onderwys en die vereistes wat daaraan gestel word, het dit verreikende implikasies, ook en veral sover dit die inhoude van, byvoorbeeld vakonderrig, betref. By die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys word steeds gestaan by die verchristeliking (teenoor óf verkerkliking óf verstaatliking) van die onderwys binne die konteks van ons volkseie kultuur. Derhalwe is die konsekwensie dat daar, ook wat die vakinhoude betref, met die implikasies van ons oorgeërfde Protestantse geestesinstelling en geloofstryd rekening gehou sal word. En dit geld meer bepaald die aanbieding van Geskiedenis en Godsdiensonderrig op skool. In aansluiting daarby, uiteraard ook die herbetragting van die uitdruklike opdragte in God's Woord, d.w.s. 'n verbintenis tot Christelik-normatiewe onderwys in besonder.

En nou is daar in ons tyd veral twee tendense waarop die aandag gevestig wil word:

(i) Die eerste is die idee wat by baie Christengelowiges bestaan dat dit vir die Christen nie geoorloof is om te protesteer of tot verset te kom teen wantoestande in die kerk en in die samelewing nie. Daarom word 'n soort passifisme, 'n laat-maar-gaan-houding voorgestaan, solank die vrede nie versteur word nie. Maar intussen is die samelewing besig om ten gronde te gaan, soos tans in ons land.

(ii) Die tweede is 'n beskouing dat daar maar by veranderde omstandighede aangepas moet word. Ons moet maar konformeer, ook wat die onderwys betref, want tye en omstandighede is aan die verander. Ons bevind ons mos nou in 'n oorgangsbedeling. Die argument is dan gewoonlik dat daar nie eensydig opgetree moet word in die handhawing van die waarheid nie. Die geloofsgemeenskap moet haar sogenaamd ook deur veranderde omstandighede in die samelewing laat lei en daarvolgens handel. Sekere tendense in die samelewing word dan tot norm verhef en van die Christendom verwag dat hulle dienooreenkomstig moet aanpas. Indien die onderwysgemeenskap in verset sou kom, ingevolge die strekking van die Skrifappèl, word dit afgedreig as dat dit die teelaarde skep vir verdrukking of vervolging.

Daarom word liewer geswyg, of regverdiging vir tendense wat strydig is met die Woord, word uitgedink.

Wat ons uit Bartolomeusnag vir die onderwys moet neem, na beskeie oordeel, sou onder meer die volgende wees:

Die martelaarsgeskiedenis –

(i) bied aan ons 'n onoorsienbare uitsig op die standvastigheid van die Christengelowige, te midde selfs van verdrukking en vervolging;

(ii) bevestig aan ons dat die ware Christusbelyer sy/haar getuienis konsekwent moet handhaaf in alle omstandighede, ongeag;

(iii) bring ons voor die werklikhede van verdrukking en vervolging, waarvan ons nie noodwendig gevrywaar sal word nie, te staan;

(iv) is van kardinale betekenis vir ons beoordeling van die egtheid van Christenskap; en

(v) stel aan ons die ontwyfelbare aandrang van onderwys wat op die Woord van God begrond behoort te word, ter wille van die voortdra van ons Protestants-christelike beskouing daarop.

Bartolomeusnag en die uitvloeisel daarvan –

(vi) moet dus as 'n belangrike datum in ons herdenking van gebeure, in 2024 en voortgaande, tot die Christen-Afrikaner spreek;

(vii) moet as 'n staande herdenking in ons volkslewe terugkeer, ter wille van die uitdra en uitbou van ons Protestantse erfenis, asook die perspektief van die geloofstryd; en dit

(viii) behoort in die vakonderrig op skool pertinente aandag in toepaslike vakgebiede te ontvang.

Slotbeskouing

Daar is in hierdie bydraetjie probeer wys op die onvermydelikheid van teenstand en vervolging teen die ware Christelike geloof en die gevolge wat dit deur die eeue vir die Christendom ingehou het en steeds sal inhou. Wanneer die perspektief op Bartolomeusnag slegs binne sy geskiedkundige konteks beoordeel word, m.a.w. as blote historiese gebeure sonder meer, dan kan die dieper en ryker betekenis daarvan waarskynlik uit die oog verloor word. Maar wanneer dit beoordeel word óók vanuit die perspektief van ons Protestantse geesteserfenis en geloofstryd en die positiewe uitwerking daarvan, waarby die wel en weë ons eie volk noodwendig betrek word, kom 'n onontbeerlike nuwe dimensie daarby. 'n Dimensie waarin die diepgaande en omvangryke betekenis van die Protestantisme in ons volksbestaan, asook die sin van lyding, verdrukking en vervolging ter wille van hierdie geloofs- en lewensoortuiging van kardinale belang is. Dat die nageslag van ons volk hieroor onderrig behoort te word, staan nie te betwyfel nie en dit mag daarom nie van hulle weerhou word nie. Daar rus derhalwe 'n dure verpligting op ons geslag van ouers en onderwysers dat Bartolomeusnag en die betekenis van ons Protestantse nalatenskap, weer tot sy reg moet kom. Deur naamlik sorg te dra en toe te sien dat dit in die onderrig aan huis, die kerk en op skool, die regmatige aandag kry. Die pleidooi is derhalwe vir 'n daadwerklike terugkeer tot Christelik-volkseie onderwys.

Boekbekendstelling:

Navorsing – 'n Reformatoriese perspektief



Navorsing – ’n Reformatoriese benadering

’n Baie nodige en tydige publikasie oor ’n Reformatoriese navorsingsbenadering word tans deur die VCHO uitgegee. Die outeur is prof. JL (Hannes) van der Walt, voormalige opvoedkundige aan die PU vir CHO.

Dit bied bondige, stap-vir-stap navorsingsriglyne en wenke wat geraadpleeg kan word.

Die boek is bedoel vir navorsers wat hulle ondersoeke vanuit ’n Reformatoriese denkraamwerk doen, dosente in navorsingmetodologie vir die opleiding van studente, asook vir minder en meer ervare navorsers as ’n eerste kennismaking en bondige naslaanwerk onderskeidelik.

Die boek kan van die VCHO bekom word deur ’n navraag aan hugo@vcho.co.za of telefonies by 051-525 2341/2267 te rig. Versendingskoste, waar van toepassing, sal by die prys van die boek gevoeg word.

Finansiële bydraes aan VCHO: beroep op lede

Ons bring graag die volgende vir ons belangrike punte onder ons lede se aandag:

1. **Inbetalings oor die toonbank**

   Ons bemerk dat daar lede is wat inbetalings as bydraes aan die VCHO oor die toonbank doen. Die bankkoste daaraan verbonde is besonder hoog. Volgens ons finansiële state van die afgelope jaar, word inbetalings in kontant oor die toonbank met hoë bankkoste belas. Op ’n bedrag van byvoorbeeld R50, die voorgestelde minimum jaarlikse bydrae aan VCHO, beloop die bankkoste in sodanige gevalle R45, wat beteken dat slegs R5 die VCHO toekom.

   Ons wil ons lede in hierdie omstandighede aanmoedig – dié wat dit so kan doen – om waar moontlik, eerder elektroniese (EFT) inbetalings te doen. In hierdie geval is die bankkoste minimaal en ontvang die VCHO die grootste deel uit ’n bydrae van R50, as in voormelde gevalle. Daar word steeds voorkeur gegee aan die reël van ’n aftrekorder met die bank, in plaas van ’n debietorder.

2. **Bydraes van R15 en minder per jaar**

   Ons wil lede verder ook vriendelik vra dat, waar dit enigsins moontlik, bydraes van R15 en minder per jaar, na tussen minstens R20 en R30 per jaar te verhoog. Dit geld eenmalige bydraes per jaar of bydraes wat oor verskeie maande versprei word, waarvan die somtotaal op R15 of minder per jaar te staan kom. Wil u nie u jaarlikse bydrae na tussen minstens R20 en R30 verhoog nie?

Ons bedank graag weereens ons lede wat gereelde bydraes maak vir hulle gesindheid teenoor ons Vereniging.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath en Prof D.F.M. Strauss.

HOOFBESTUUR:
Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), dr JA Schlebusch (Lichtenburg) mnr F van Deventer (Pretoria) en mnr P Bisschoff (Orania).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein, 9300/9301

Tel. (051) 525 2267 of (051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: hugo@vcho.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za